higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N5

(22020095)

28 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EKONOMIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is VERPLIGTEND en moet deur ALLE kandidate beantwoord word.

2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Persoonlike invoerregte wat as 'n vaste bedrag per eenheid gehef word op goedere wat ingevoer word, staan bekend as ... invoerregte.

A ad valorem
B meervoudige
C spesifieke
D dubbel

1.1.2 … verwys na ‘n situasie waarin mense van plattelandse areas na stede beweeg vir beter werksgeleenthede.

A Nasionalisering
B Privatisering
C Verstedeliking
D Deregulering

1.1.3 Belasting word deur die openbare sektor gebruik om ... te voorsien.

A buitelandse sektor besteding
B huishoudelike besteding
C dienste aan die publiek
D besigheidsgoedere

1.1.4 Om die BBP volgens die ... metode te bereken, is dit noodsaaklik om alle betalings ten opsigte van die vier produksiefaktore op te tel.

A inkomste
B belasting
C uitset
D besteding

1.1.5 Indien die wisselkoers tussen die Verenigde State dollar en rand laas maand 1 rand vir elke 20 dollars was en dit laas week R1 vir 17 dollars was, sal dit beteken dat ...

A die dollar gedepresieer het in vergelyking met goud.
B die dollar gedepresieer het in vergelyking met die rand.
C Suid-Afrika meer sal betaal vir invoere.
D die dollar geappresieer het in vergelyking met die rand.

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Die belangrikste uitdaging wanneer 'n kwotastelsel implementeer word is ...

A dat die staat nie duidelikheid het oor wie vir die subsidies kwalifiseer nie.
B dat dit moeilik is om 'n basisperiode vas te stel.
C 'n toename in die administrasiekostes van die uitvoerders.
D dat invoerders 'n groot deposito moet betaal voor die goedere ingevoer kan word.

1.1.7 ALLE staatswerknemers gebruik GEMS Mediese Fonds as hul na hul mediese behoeftes wil omsien. Dit is EEN voorbeeld van ‘n ... motief.

A transaksionele
B voorkomende
C spekulatiewe
D hou

1.1.8 Ekonomiese groei word gemeet deur 'n toename in die ...

A reële BNP.
B BPP per capita.
C reële BBP per capita.
D hoeveelheid goedere en dienste, oor ‘n tydperk, in die land produseer.

1.1.9 Hierdie wet bevorder gelyke geleenthede en regverdige behandeling van arbeiders by die werk:

A Wet op Gelyke Indiensneming
B Wet op Vaardigheidsontwikkeling
C Wet op Arbeidsverhoudinge
D Wet op Basiese Diensvoorwaardes

1.1.10 Veronderstel die nasionale inkomste vir die basisjaar is R420 000 en die indeks is 100, indien die nasionale inkomste na R510 000 verhoog en die indeks na 150, sal die reële inkomste ... miljoen wees.

A R420 000
B R90 000
C R340 000
D R420 000

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Indirekte belasting kan verskuif word na iemand anders d.w.s. 'n verbruiker.

1.2.2 Werkloosheid verhoog normaalweg tydens 'n opswaai in die ekonomie.

1.2.3 Indien die vraag na arbeid toeneem terwyl die arbeidaanbod afneem, sal die ewewigloontarief toeneem.

1.2.4 Ten einde die BBP na die BNP om te skakel, moet die primêre inkomste van die res van die wêreld afgetrek word.

1.2.5 Inkomstebeleid kan deur ekonome gebruik word as die fiskale beleidinstrument.

1.2.6 Die aansporingloonstelsel stel die werkgewer in staat om 'n spesifieke diens teen 'n vasgestelde prys aan te koop.

1.2.7 Verbruikers bied produksiefaktore aan besighede in ruil vir lone, wins, rente en huurgeld.

1.2.8 'n Toename in invoere sal waarskynlik lei na 'n afname in nasionale inkomste.

1.2.9 Die grootste komponent van BBP van die uitgawebenadering is binnelandse belegging.

1.2.10 Makro-ekonomie handel hoofsaaklik oor hoe individuele ekonomiese keuses gekoördineer word deur markte en hoe pryse en vraag vasgestel word in individuele markte.

(10 × 2) (20)

1.3 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Handelsbalans	A	omstandigheid waar die inflasie van 'n nasie geleidelik toeneem
1.3.2	Sluipende inflasie	B	wanneer enigiets twee maal bygetel word met die berekening van nasionale inkomste
1.3.3	Dubbeltelling	C	inkomste uitgedruk in terme van die monetêre waarde daarvan, sonder inagneming van die koopkrag
1.3.4	Geldlone	D	ekonomiese faktore wat groei en belegging belemmer
1.3.5	Rekonstruksie en Ontwikkeling	E	verskil tussen sigbare invoere en sigbare uitvoere

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Bespreek armoede onder elk van die volgende opskrifte:

2.1.1 Definisie van armoede (3)

2.1.2 VIER oorsake van armoede (12)

2.2 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Fiskale beleidsmaatreëls

'Suid-Afrika verhoog belastinginkomste om openbare besteding te befonds. Wanneer die begroting 'n tekort het, leen die staat om die tekort aan te vul. Die voorgestelde begroting vir 2017/18 is 'n totaal van R1.56 triljoen, waarvan inkomste R1.41 triljoen dek. Die oorblywende – R149 biljoen – sal geleen word.'

[http://www.treasury.gov.za/national]

2.2.1 Verduidelik die betekenis van *begrotingstekort*. (3)

2.2.2 Verduidelik kortliks die begrip *begroting.* (3)

2.2.3 Noem die TWEE bronne van 'n begroting. (2)

2.3 Gebruik die gegewe inligting ek bereken die volgende:

	R biljoen
Uitgevoerde goedere	4 960
Ingevoerde goedere	5 640
Onsigbare kwitansies	900
Onsigbare betalings	420
Lenings aan buiteland	180
Oorsese beleggings	310
Netto gouduitvoere	1 520
Beleggings deur buitelanders	195
Byvoegings tot korttermynbalanse	110

2.3.1 Handelsbalans (4)

2.3.2 Balans op die lopende rekening (4)

2.3.3 Basiese balans (5)

2.3.4 Kapitaalrekening (4)

2.4 Bespreek die ekonomiese welvaartfunksie van die regering. (10)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Gebruik die inligting hier onder en beantwoord die vrae.



3.1.1 Watter maand het die hoogste inflasiekoers? (2)

3.1.2 'n Motorkar is aangekoop teen R338 000 in Oktober. Wat sal die prys van dieselfde motorkar in November wees? Toon AL die berekeninge. (4)

3.1.3 Verduidelik die moontlike rede vir die toename in inflasie in Desember 2016. (3)

3.1.4 Bespreek die algemene gevolge van inflasie op die verskillende groepe in die ekonomie. (12)

3.2 Gee EEN term vir elk van die volgende monetêre kenmerke deur 'n term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (3.2.1-3.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

deelbaarheid; duursaamheid; aanvaarbaarheid; relatiewe aanbod; draagbaarheid

3.2.1 'n 20-dollar noot kan geruil word vir ander denominasies, soos 'n 10, 'n 5, vier 1'e en 4 kwarte. 'n Koei, aan die ander kant, is nie deelbaar nie.

3.2.2 Alhoewel dit moeilik is om die koei na die winkel te vervoer, kan die geldeenheid maklik in my sak gesit word.

3.2.3 Geld moet 'n beperkte aanbod hê om sy waarde te behou.

3.2.4 'n Koei is taamlik duursaam, maar 'n lang rit na die mark loop die risiko van siekte of dood vir die koei en kan sy waarde drasties verminder.

3.2.5 Alhoewel koeie intrinsieke waarde besit, sal sommige mense dalk nie beeste as geld aanvaar nie.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

3.3 Verduidelik die *beskikbaarheid van produksiefaktore* as EEN van die metodes om nasionale inkomste te verhoog. (8)

3.4 Onderskei tussen *bruto nasionale produk* en *bruto binnelandse produk*. (2 × 2) (4)

3.5 Noem DRIE doelwitte van HOP in verband met werkskepping. (6)

3.6 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

VPI staan vir Verbruikersprysindeks. (1)

[50]

VRAAG 4

4.1 Die inligting hier onder gee 'n aanduiding van Suid-Afrika se werkloosheidskoers. Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae.



4.1.1 Watter maand het die laagste werkloosheidskoers? (2)

4.1.2 Bereken die verandering in persentasie in werkloosheid tussen Januarie 2016 en Julie 2016. Toon AL die berekeninge. (3)

4.1.3 Definieer die term *werkloosheid*. (3)

4.1.4 Noem enige DRIE verskillende tipes werkloosheid. (6)

4.2 Noem VIER faktore wat lei tot ongelykheid van lone. (8)

4.3 Bespreek die rol van die staat as 'n wetgewer in die ekonomie. (6)

4.4 Noem enige TWEE redes vir internasionale handel. (4)

Kopiereg voorbehou

4.5 Bereken die huidige en reële waarde in die tabel hier onder.

JAAR	FISIESE HOEVEELHEID FINALE GOEDERE EN DIENSTE	MARK PRYSE (R)	HUIDIGE WAARDE (R)	REËLE WAARDE (R)
2014	100	3	4.4.1	4.4.2
2015	125	6	4.4.3	4.4.4
2016	150	9	4.4.5	4.4.6

(6 × 2) (12)

4.6 Onderskei tussen *tydloon* en *stukloon*. (2 × 2) (4)

4.7 Voltooi die volgende sin deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

Betaling wat 'n persoon of groep ontvang en betaal aan 'n ander groep of persoon word ... genoem. (2)

[50]

VRAAG 5

5.1 Noem die VIER funksies van vakbonde. (4 × 2) (8)

5.2 Noem VYF tipes finansiële instansies wat in Suid-Afrika gebruik word. (10)

5.3 Gee 'n oorsig van die algemene doelwitte van fiskale beleid. (9)

5.4 Onderskei tussen elk van die volgende konsepte:

5.4.1 Groei en ontwikkeling

5.4.2 Swewende wisselkoers en vaste wisselkoers.

5.4.3 Privatisering en nasionalisering

5.4.4 Geldlone en reële lone

(4 × 4) (16)

5.5 Verduidelik die term *migrasie* as een van Suid-Afrika se arbeidsprobleme. (3)

5.6 Beskryf hoe *ewewigprys* in die arbeidsmark gevorm word. (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou